# Module 8-oorsig
## Bemarking

Bemarking is 'n sleutelaktiwiteit vir alle toerismeorganisasies. In Graad 10 het jy geleer dat 'n basiese begrip van die grondbeginsels van bemarking belangrik is vir enigiemand wat in die toerismebedryf wil werk. Toerismebemarking stel toerismeorganisasies in staat om nuwe kliënte te trek en bestaande kliënte te behou deur produkte en dienste te ontwikkel wat in hulle behoeftes voorsien.

In Hoofstuk 1 leer jy van die onderskeie promosie- of reklametegnieke (laasgenoemde ook bekend as advertensietegnieke) wat in toerismebemarking gebruik word. Van die promosietegnieke is baie duurder as ander. Die koste verbonde aan toerismebemarking moet dus baie sorgvuldig oorweeg word. Jy leer in Hoofstuk 2 meer oor die koste wat verband hou met toerismebemarking.

Die geheuekaart hieronder dui die uitleg van hierdie module in meer besonderhede aan.

**Bemarking**

← **Hoofstuk 1**
**Promosie- en advertensietegnieke**
- Mediareklame-promosietegnieke
- Promosiereklametegnieke

→ **Hoofstuk 2**
**Die bemarkingsbegroting**
- Marknavorsing
- Kommunikasie-, reis- en personeelkoste




Plakkaat-advertensie op 'n taxi

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.